

AUTHORITY® 480 SC



REGISTRATION NUMBER: L7872 , ACT 36 of 1947

A suspension concentrate herbicide for the control of sedges, broadleaf weeds and annual grasses as indicated in plant and ratoon sugarcane and flue cured tobacco.

'n Suspensie konsentraat onkruidodder vir die beheer van uittjies, breë-blaaronkruid en eenjarige grasse soos aangedui in plant- en opvolg suikerriet en oondgedroogde tabak.

HERBICIDE GROUP CODE	E	ONKRUIDODDERGROEPKODE
----------------------	---	-----------------------

Active ingredient:

Sulfentrazone (aryl-triazolinone): 480 g/l Sulfentrasoon (ariel-triasolinoon)

Aktiewe bestanddeel

Contents: 1 l Inhoud

**REGISTERED BY /
GEREGISTREER DEUR:**

FMC Chemicals (Pty) Ltd
Co. Reg. No.: 1988/001451/07
P O Box / Posbus 44
Postnet Menlyn
Waterkloof Glen
0181

**For any emergency or poisoning
contact:
Griffon Poison Information Centre
(24 hrs)
+27-(0)-82-446-8946**


UN No. / VN Nr. 3082

BATCH NUMBER
DATE MANUFACTURED

LOTNOMMER
DATUM VERVAARDIG



DANGER
GEVAAR



Copyright © FMC, All rights reserved. ® is a trademark of FMC Corporation or an affiliate.



WAARSKUWINGS

- Hanteer versigtig
- Stoor in die oorspronklike houer in 'n koel droë plek weg van voedsel en voer
- Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere
- Mag vel en oë irriteer.
- Giftig vir visse en ander waterorganismes
- In geval van vergiftiging, ontbied 'n geneesheer en toon hierdie etiket aan hom/haar.
- Moet nie behandelde gebied betree vir 1 dag na bespuiting nie, tensy beskermende oorklere gedra word.

Alhoewel hierdie middel omvattend onder 'n groot verskeidenheid toestande getoets is waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie aangesien die werking en effek daarvan beïnvloed kan word deur faktore soos abnormale grond-, klimaats - en bergingstoestande, verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui is nie en die voorkoms van weerstand van die plaag teen die betrokke middel sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei, die omgewing of vir nadelige effek op mens of dier of vir gebrek aan prestasie as gevolg van die versuim van die gebruiker om etiketaanwysings na te kom of as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer onmiddellik in die geval van enige onsekerheid.

VOORSORGMATREËLS

- Verhoed inaseming van die spuitnewel
- Vermyn kontak met vel en oë
- Dra beskermende klere en handskoene tydens hantering van konsentraat
- In die geval van toevallige velkontak, was met seep en water
- In geval van toevallige oogkontak spoel oë uit met baie water vir ten minste 15 minute. Verkry mediese hulp indien irritasie voortduur.
- Was besoedelde klere na gebruik
- Moenie eet, drink of rook tydens vermenging of toediening of voordat hande en gesig gewas is nie
- Vermyn spuitstofwegdrywing na aangrensende gewasse, riviere, damme en ander plekke wat nie onder behandeling is nie
- Maak toediener / mengbak skoon na gebruik en raak van uitspoelwater ontslae waar dit nie gewasse, riviere, damme en grondwaterbronne sal besoedel nie.
- Voorkom besoedeling van voedsel, voer, drinkwater en eetgerei
- Spoel leë houer drie keer uit met 'n volume water gelykstaande aan 'n minimum van 10% van die houer. Gooi die spoelwater by die inhoud van die spuittenk voordat die houer vernietig word.
- Vernietig leë houer deur gate daarin te slaan en plat te kap en moet dit vir geen ander doel gebruik nie. Raak ontslae van die vernietigde houer deur in die grond te begrawe of in 'n geskikte verbrandingsoond.

SIMPTOME VAN VERGIFTIGING

Effekte van oor blootstelling is die gevolg van inasemhaling van hierdie produk. Simptome van oor blootstelling sluit in stuipe, bewing, verhoogde sensitiviteit teen aanraking en klank, ongemaklik asemhaling, verminderde beweging, trane, neusontslag en motor koördinasie verlies.

NOODHULPBEHANDELING

OË: Spoel oë met oorvloedige water.

VEL: Was met oorvloedige seep en water. Tensy irritasie voorkom en aanhou, ontbied 'n geneesheer.

INGESLUK: Spoel mond uit. Drink 1 of 2 glase water om te verdun. Moenie braking induseer of enige iets per mond gee aan 'n persoon wat bewussyn verloor het nie. Ontbied 'n geneesheer.

INASEMHALING: Verwyder pasiënt na vars lug. Tensy ongerief of probleme met asemhaling voorkom en volhou, ontbied 'n geneesheer.

NOTA AAN GENEESHEER

Hierdie produk het 'n lae mondelings, dermale en inasemhaling toksisiteit. Dit kan matige vel irritasie veroorsaak maar dit is nie-irriterend vir oë. Dit bevat toluen wat ernstige pneumonitis veroorsaak indien ingeasem tydens braking. Oorweeg maagspoeling met endotrachiale buis. Behandel is deur onttrekking van blootstelling gevolg

deur simptomatiese en ondersteunende nasorg.

WEERSTANDBESTUUR

Authority® 480 SC is 'n groepkode E (ariel-triasolinoon) onkruidodder. Enige populasie van 'n spesifieke onkruid mag individue insluit wat 'n natuurlike weerstand teen **Authority® 480 SC** of enige ander groepkode E onkruidodder het. Indien hierdie onkruidodders in herhaaldelike en eksklusiewe programme aangewend word, kan die weerstandbiedende individue uiteindelik die onkruid populasie oorheers. Hierdie weerstandbiedende onkruid sal waarskynlik nie deur **Authority® 480 SC** of enige ander groepkode E onkruidodder beheer word nie.

Om weerstand teen onkruidodders te vertraag:

- Verminder die herhaaldelike en eksklusiewe gebruik van onkruidodders in dieselfde onkruidodder groepkode. Wissel af met, of gebruik tenkmengsels van produkte in verskillende onkruidodder groepkodes.
- Integreer ander beheermaatreëls (chemies, verbouing, biologies) in onkruidodder programme

GEBRUIKSBEPERKINGS BY WISSELBOU

Laat die volgende wagperiodes toe tussen laaste toediening van **Authority® 480 SC** en die aanplant van opvolggewasse.

Gewas	Maande	Gewas	Maande
Koring/gars	5	Katoen, suikermielies	18
Mielies, sorghum, rys	10	Suikerriet, Sojabone, tabak	0
Ander kleingraangewasse, droë bone, grondbone	12		

GEBRUIKSAANWYSINGS: GEBRUIK SLEGS SOOS AANGEDUI

MENGINSTRUKSIES

Maak die spuittenk halfvol met skoon water en begin roer. Maak 'n mengsel van die aanbevole volume **Authority® 480 SC** in 'n skoon emmer met skoon water. Voeg die **Authority® 480 SC** oplossing stadig by die spuittenk. Spoel die emmer versigtig uit en voeg die uitspoelsel by en maak die spuittenk dan vol met skoon water tot die geskikte volume. Verseker deeglike roering van die spuitmengsel ten alle tye om die produk in suspensie te hou. Maak seker **Authority® 480 SC** is goed gemeng voordat bevorderingsmiddel en/of tenkmengsel bygevoeg word. Gebruik **Authority® 480 SC** onmiddellik na vermenging. Moenie die spuitmengsel vir 'n lang periode laat oortaan nie, bv. oornag.

WATERKWALITEIT

Gebruik alleen skoon water met 'n pH < 8

SKOONMAAK VAN TOEDIENINGSAPPARAAT

Dreineer die spuittenk en spuittoerusting oombliklik na toediening en spoel daarna uit met water en huishoudelike ammoniak. Verwyder daarna alle spuitkoppe en siffies en maak skoon in 'n emmer skoon water en ammoniak.

WEGDRYING VAN SPUITNEWEL

Verseker dat spuitnewel nie in aanraking kom met aangrensende gewasse of areas nie. Beperk die potensiaal vir spuitnewel wegdrywing deur die gebruik van laenewelspuitkoppe en moenie 'n druk van 200kPa of 'n grondspoed van 10kpu oorskry nie. Die spuitkoppe moet nie meer as 50cm bo die teiken wees nie. Moenie in windsnelhede van meer as 15kpu spuit nie.

WYSE VAN WERKING EN AKTIVERING

Na toediening van **Authority® 480 SC** as 'n vooropkoms onkruidbehandeling (onkruid en die gewas) sal die teiken ontkiemende sade en saailinge die sulfentrasoon van die grondoplossing opneem. Die hoeveelheid sulfentrasoon wat in die grondoplossing is en beskikbaar is vir opname deur die onkruid word hoofsaaklik beïnvloed deur die grondtipe, organiese materiaal inhoud en grond pH. Sulfentrasoon word deur die klei en organiese materiaal (OM) gedeeltes van gronde geabsorbeer, daarom is die hoeveelheid aktiewe bestanddeel wat onmiddellik beskikbaar is vir onkruidbeheer, beperk.

Involed van grondtipe, organiese materiaal en pH op die aktiwiteit van Authority® 480 SC:

Grond pH beïnvloed die beskikbaarheid van sulfentrasoon in die grond oplossing. Die beskikbaarheid van sulfentrasoon word verhoog met stygende grond pH. Besproeiing met water met 'n hoë pH (7.5 en hoër) na die toediening van **Authority® 480 SC** mag die beskikbaarheid van sulfentrasoon ook betekenisvol verbeter.

Die totale hoeveelheid beskikbare sulfentrasoon in die grond oplossing in enige grondtipe word bepaal deur die interaksie van die grondtipe (klei-inhoud), die organiese inhoud en pH. Die toedieningshoeveelheid en tyd van toediening relatief tot die ontkieming van die gewas en onkruid, die hoeveelheid reënval of besproeiing ontvang, tesame met die grond parameters en pH, sal uiteindelik die hoeveelheid beskikbare sulfentrasoon in die grondoplossing bepaal.

Alle toedienings van **Authority® 480 SC** het genoegsame vog nodig vir aktivering van die onkruidodende werking. **Authority® 480 SC** kan 'n tydperk van 10 tot 14 dae deurstaan voor die nodige vogtigheid om die produk te aktiveer beskikbaar is. Sodra **Authority® 480 SC** geaktiveer word, sal dit effektief wees teen bestaande onkruid. Die doeltreffendheid sal afhang van die onkruidspesies en grootte ten tye van die aktivering.

SUIKERRIET

VOOROPKOMS TOEDIENING VIR BEHEER VAN ROOI UINTJIE (*Cyperus rotundus*) IN PLANT- EN OPVOLG SUIKERRIET

In toestande waar *C. rotundus* 'n probleem is moet spesifieke beheermaatreëls toegepas word om die beheer en die infestasië potensieël in die toekoms te verminder. Lande wat met *C. rotundus* besmet is het waarskynlik 'n uitgebreide sisteem van rizome en bolle wat sterk plante produseer onder goeie vog toestande. Meer as een behandeling van **Authority® 480 SC** is onder sulke toestande noodsaaklik om *C. rotundus* te beheer en betekenisvolle vermindering van die bolpopulasie wat in opvolgplantings sal ontwikkel, te handhaaf. Om die bes moontlike voordeel te verkry behoort beheermaatreëls te begin as riet geplant word. Onder sulke toestande behoort 'n program van drie behandelings met **Authority® 480 SC** in 200 tot 400 l water/ha as 'n vooropkoms toediening gedoen te word, **die eerste by plant en direk na kap in die twee daaropvolgende ratoengewasse.**

VOOROPKOMS TOEDIENING IN PLANT- EN RATOENRIET EN ONKRUIDE VIR DIE BEHEER VAN GRASSE, BREEBLARE EN GEELUINTJIE

Authority® 480 SC toegedien as 'n vooropkoms onkruidoder verskaf residuele werking vir die beheer van ontkiemende onkruid sade en saailinge. (Verwys na die Toedienings hoeveelhede tabel vir die lys van onkruid beheer). **Authority® 480 SC** word deur die wortels en stingels van ontkiemende onkruid geabsorbeer en toedienings moet dus voor-opkoms op 'n skoon bewerkte oppervlak toegedien word. Genoeg reënval of besproeiing is noodsaaklik om te verseker dat **Authority® 480 SC** deur die wortels en stingels van die ontkiemende onkruid opgeneem word. Om die onkruidspektrum te verbreed en die residuele nawerking te verleng, kan **Authority® 480 SC** in 'n tenk mengsel saam met ametryn, diuron, acetochlor of Command 4EC toegedien word. Verwys na die etikette van die betrokke produkte om die onkruid wat beheer sal word, asook die gebruiksaanwysings, te verkry.

GRONDVOORBEREIDING

PLANTRIET: Berei die grond voor volgens goeie landboupraktyke

OPVOLG SUIKERRIET: Verwyder enige plantreste wat die grond bedek voor toediening

TOEDIENING

Spuittoerusting moet voor behandeling akkuraat gekalibreer word.

Authority® 480 SC moet direk na plant as 'n algehele behandeling en na kap as 'n gerigte tussenryspuit (opvolg suikerriet) voor opkoms van die planriet of opvolg suikerriet, toegedien word.

Dien **Authority® 480 SC** toe teen die aanbevole dosis as 'n algehele toediening in genoeg water (200 – 400 l/ha) om goeie bedekking van die grondoppervlak te verseker. **Authority® 480 SC** toegedien teen die laer dosis sal alleenlik geeluintjie (*C. esculentus*) beheer. Die doeltreffendheid van **Authority® 480 SC** word nie deur lig of temperatuur beïnvloed nie. Die produk is nie vlugbaar nie en daarom sal 'n toediening op droë grond vir 'n aansienlike periode na toediening op die grondoppervlak bly totdat dit geaktiveer word deur reënval of besproeiing.

Grondtipe:

Dien **Authority® 480 SC** toe as 'n vooropkoms behandeling in gronde met 'n klei inhoud >15%.

Die gebruik van 'n vooropkoms toediening van **Authority® 480 SC** op gronde met 'n laer klei-inhoud mag die effektiwiteit van die produk nadelig beïnvloed.

Verhoog die dosis namate die klei- inhoud en kationuitruilvermoë van die grond toeneem. Gebruik hoer toedieningshoeveelhede in gronde met 'n pH laer as 7.0 en laer hoeveelhede vir 'n pH hoër as 7.0 binne die aanbevole toedieningshoeveelhede.

VROEG NA-OPKOMS TOEDIENING OP PLANT- EN OPVOLG SUIKERRIET EN ONKRUIDE VIR BEHEER VAN GRASSE, BREËBLARE EN GEELUINTJIE

Waar 'n gemengde populasie onkruid reeds begin ontkiem het, kan **Authority® 480 SC** saam met MCPA, ametriën, parakwat of Trooper 320 SL in 'n tenkmengsel toegedien word. Hierdeur sal verbeterde uitklop en residuele beheer van ontkiemende onkruid verkry word, en die onkruidspektrum sal verbreed word. Onder sekere omstandighede mag residuele beheer ook verleng word deur die toevoeging van 'n produk in 'n tenkmengsel.

Die toediening moet geskied wanner uittjies nie ouer is as die 1-4 blaar stadium nie, grasse 1-2 blare het en alvorens die breë blare hoër as 30 mm is. Raadpleeg asb die verskillende etikette om die onkruidspektrum te besigtig. Die SASRI *Onkruidgids* kan ook geraadpleeg word.

Die voorskrifte tov die Toediening en Grondtipe soos vor die vooropkomstoedienings geld ook hier.

LAAT NA-OPKOMS TOEDIENINGS OP PLANT- EN OPVOLG SUIKERRIET VIR DIE BEHEER VAN GEELUINTJIE

Wanneer **Authority® 480 SC** na-opkoms toegedien word beheer dit geeluintjie (*Cyperus esculentis*). Dien toe met 'n geskikte bevorderingsmiddel (nie-ionies; mineraal olie; organosilikon) gedurende die 6 tot 8-blaar stadium. Die na-opkomsdosis van **Authority® 480 SC** alleen sal slegs kort termyn beheer van die geeluintjie gee, met beperkte grondnawerking en rooiuintjie mag onderdruk word.

Waar die onkruidspektrum van so 'n aard is dat meer as net geeluintjies beheer moet word, kan **Authority® 480 SC** toegedien word in 'n tenkmengsel met MCPA, soos hieronder uiteengesit.

Die na- opkoms dosis van **Authority® 480 SC** alleen sal onvoldoende beheer gee van onkruid wat nog nie ontkiem het nie.

GRONDVOORBEREIDING

Na-opkoms toediening

Verwyder enige plantreste wat die grond bedek voor toediening anders sal penetrasie en opname van die spuitmengsel nadelig beïnvloed word.

TOEDIENING

Dien die aanbevole dosis **Authority® 480 SC** toe as 'n algehele behandeling in genoeg water (200-400 l water/ha) om goeie bedekking van die grondoppervlak te verseker.

Dien **Authority® 480 SC** toe in kombinasie met 'n geskikte bevorderingsmiddel [nie-ionies: mineraal olie: organosilikon] (bv. Tronic, Break-Thru, Agral 90) op geeluintjie (*C. esculentus*) vanaf die 6 – 8-blaar stadium. Die na-opkoms dosis van **Authority® 480 SC** sal onvoldoende beheer gee van onkruid wat nog nie ontkiem het nie. Meng **Authority® 480 SC** in 'n tenkmengsel met MCPA vir verbeterde beheer van breë blaar onkruid en grasse.

TOEDIENINGSHOEVEELHEDE

	GRONDTIPE KLASSIFIKASIE TABEL		
Dosis van Authority® 480 SC	Growwerig	Medium	Fyn
	Sand	Sanderige klei leem	Slik klei leem
	Leem sand	Sanderige klei	Slik klei
	Sanderige leem	Slik leem	Klei leem
		Slik	Klei
Voor-opkoms	Nie aanbeveel	1.25 tot 1.9 ℓ/ha	1.5 tot 1.9 ℓ/ha
Voor- tot vroeg naopkoms	Nie aanbeveel	1.25 ℓ + MCPA of ametryn of acetochlor of diuron of parakwat of Command of Trooper	
Laat na-opkoms	0.55 ℓ/ha + bevorderingsmiddel of 0.55 ℓ/ha + MCPA		

Tabel 1. Vooropkoms toediening in plant- en opvolg suikerriet vir die beheer van rooi- uintjie (*Cyperus rotundus*)

Tyd van toediening	dosis	Grondtipe	Opmerkings
Vooropkoms	1.9 ℓ/ha	<ul style="list-style-type: none"> • Fyn grond • Medium grond 	Afhangend van die grondtipe en waar 'n gemengde populasie van uintjies voorkom (wat <i>C. rotundus</i> insluit) of waar <i>C. rotundus</i> oorheersend is. Jaarlikse toedienings sal lei tot 'n vermindering in die populasie van uintjebolle in die grond Verwys na die Lys van onkruid beheer deur Authority® 480 SC onder.

Tabel 2. Vooropkoms toediening in plant- en opvolg suikerriet vir die beheer van grasse en breë blaaronkruid soos verwys insluitend geeluintjie (*C. esculentus*)

Tyd van toediening	dosis	Grondtipe	Opmerkings
Vooropkoms	1.25 ℓ/ha + 3 ℓ Ametryn 500SC OF 1.25 ℓ/ha + 2 ℓ Acetochlor 900EC OF 1.25 ℓ/ha + 2.5 ℓ Diuron 800SC	<ul style="list-style-type: none"> • Fyn grond • Medium grond 	Die onkruid beheer deur 'n tenkmengsel sal die onkruid in die Lys van onkruid beheer deur Authority® 480 SC insluit asook die onkruid wat op die etiket van die spesifieke onkruidoder wat in die tenkmengsel gebruik word, gelys word. Addisionele onkruid wat met die tengmengsel beheer word sluit in; <i>Acacia mearnsii</i> <i>Panicum schinzii</i> Teen hierdie dosis van Authority® 480 SC sal rooi uintjie (<i>C. rotundus</i>) slegs onderdruk word Slegs <i>P. maximum</i> wat uit saad ontkiem het sal beheer word.

Tabel 3. Vroeg na-opkoms toediening in plant- en opvolg suikerriet vir die beheer van grasse, breë blare en geeluintjie.

Tyd van toediening	Dosis	Grondtipe	Opmerkings
Vroeg na-opkoms	<p>1.25 l/ha + 4 l MCPA 400SL</p> <p>OF</p> <p>1.25 l/ha + 3 l Ametryn 500SC</p> <p>OF</p> <p>1.25 l/ha + 0.5 – 1.0 l paraquat 200SL</p> <p>OF</p> <p>1.25 l/ha + 1.0 l Trooper 320SL (Laeveld alleen, nie vir gebruik in KZN)</p>	<ul style="list-style-type: none"> Fyn grond Medium grond 	<p>Dien die tenkmengsel toe as 'n gerigte tussenry toediening om die onkruidspektrum te vermeerder en residuele beheer van onkruid wat alreeds ontkiem het te verbeter.</p> <p>Die onkruid beheer deur 'n tenkmengsel sal die onkruid wat in die Lys van onkruid beheer deur Authority® 480 SC insluit asook die onkruid wat op die etiket van die spesifieke onkruidoder wat in die tenkmengsel gebruik word, gelys word.</p> <p>Addisionele onkruid wat met die tengmengsel beheer word sluit in;</p> <ul style="list-style-type: none"> <i>Acacia mearnsii</i> <i>Amaranthus spinosus</i> <i>Ipomeae purpurea</i> <i>Portulaca oleracea</i> <i>Sonchus spp.</i> <i>Panicum maximum</i> (>2 leaf) <i>Panicum schinzii</i> <p>Teen hierdie dosis van Authority® 480 SC sal rooi-uintjie (<i>C. rotundus</i>) slegs onderdruk word</p> <p>Slegs <i>P. maximum</i> wat uit saad ontkiem het sal beheer word.</p>

Tabel 4. Laat na-opkoms toediening waar 'n kort nawerking voldoende is

Tyd van toediening	Dosis	Uintjies	Breë blaaronkruid	Grasse	Opmerkings
Na-opkoms (kort nawerking : verwys asb na detail in SASRI onkruidgids)	0.55 l/ha + bevorderingsmiddel	<i>Cyperus esculentus</i> (6 – 8 blaarstadium, net voor blom)			Gebruik 'n nie-ioniese, mineral olie of organosilikoon bevorderingsmiddel soos Tronic, Break-Thru, Agral 90, Li700.
	0.55 l/ha + 3 l MCPA 400 SL	<i>Cyperus esculentis</i>	Verwys na MCPA 400SL etiket	Verwys na MCPA 400SL etiket	Slegs tussen-ry behandeling Hierdie behandeling sal sekere grasse en breeblare, soos gelys op die MCPA etiket, beheer.

Lys van onkruid in suikerriet wat met toedienings van Authority® 480 SC beheer word;

Uintjies	Breë blare	Grasse
<i>Cyperus rotundus</i> <i>Cyperus esculentus</i> <i>Bulbostylus hispidula</i>	<i>Ageratum conyzoides</i> <i>Amaranthus spp.</i> <i>Commelina benghalensis</i> <i>Conyza floribunda</i> <i>Datura stramonium</i> <i>Emex australis</i> <i>Ipomeae purpurea</i> <i>Portulaca oleracea</i> <i>Senecio madagascarensis</i> <i>Solanum nigrum</i> <i>Sonchus oleraceus</i> <i>Sysimbrium thellingii</i>	<i>Eleusine indica</i> <i>Setaria verticillata</i> <i>Digitaria sanguinalis</i> <i>Paspalum dilatatum</i> <i>Sorghum bicolor</i> <i>Panicum maximum (alleenlik van saad)</i>

Belangrike notas

1. Verwys na die nota “WYSE VAN WERKING EN AKTIVERING” hierbo en lees dit noukeurig.
2. Die registrasiehouer aanvaar nie verantwoordelikheid vir onkruid wat nie gelys is nie.
3. Grondvog en reënval beïnvloed die aktiwiteit van **Authority® 480 SC**. Normaalweg sal die reënval wat onkruid laat ontkiem voldoende wees om **Authority® 480 SC** te aktiveer, maar die werking sal deur die hoeveelheid vog in die grond beïnvloed word – hoe meer vog hoe meer van die produk word opgelos en vrygestel vir opname deur die onkruid. Die werking van **Authority® 480 SC** word nadelig beïnvloed deur lae reënval en moet nie toegedien as sulke toestande verwag word nie. Hoë reënval (>450mm) lei ook tot beweging van die produk in growwe gronde wat verminderde onkruid- en residuele beheer kan veroorsaak.
4. Die doeltreffendheid van **Authority® 480 SC** kan ook deur grondtipe en tekstuur beïnvloed word. Onkruidbeheer word normaalweg swakker wanneer die grondtekstuur verander van grof tot fyn. Daarom verhoog die dosisse binne die aanbevelings namate die kleiinhoud en kationuitruilvermoë van die grond toeneem.
5. Volg alle aanbevelings van die vervaardiger op die etiket wanneer tenkmengsels word gebruik.
6. Ligte blaarskroei mag voorkom wanneer **Authority® 480 SC** as 'n voor-opkoms of na-opkoms behandeling in suikerriet toegedien word. Hierdie simptome is tydelik en sal verdwyn namate die suikerriet groei.
7. Weens die spesifieke manier van werking van **Authority® 480 SC** mag die sigbare simptome, veral op uintjies, meer as 60 dae neem om te ontwikkel. Faktore soos grondvog, grondtipe en groeitempo van die uintjies beïnvloed die ontwikkeling van sigbare simptome op die uintjie blare.

OONDDROOG TABAK

Gebruik die hoër dosis van **Authority® 480 SC** vir beter beheer van breë blaar onkruid en op gronde met 'n hoër klei-inhoud. Om beter beheer van breë blaar onkruid en grasse te verkry dien **Authority® 480 SC** toe in 'n tenkmengsel met Command 4 SC soos aangedui. Dien Butisan S of Frontier Optima toe as 'n **opvolgbehandeling** direk na die toediening van **Authority® 480 SC** vir beter beheer van grasse en breë blaar onkruid **en nie as 'n tenkmengsel nie**. Raadpleeg die Butisan S of Frontier Optima en Command 4 SC etikette vir volledige gebruiksaanwysings.

Dien **Authority® 480 SC** toe binne 4 dae na oorplant op 'n fyn bewerkte onkruidvrye land. Spuitkoppe moet oor die tussen-rye gemonteer word om 'n gerigte bespuiting wat die bo kant van die bankie en die onderstam van albei kante van die plante tref maar vermy kontak met die kelk van die plant. Dien toe met platwaaier spuitkoppe in 200 l water / ha. Reënval of besproeing is noodsaaklik vir die aktivering van die produk. Oormatige reënval en hoë grondvog mag lei tot onvoelende onkruidbeheer op die bankie weens die beweging van **Authority® 480 SC**.

TOEDIENINGSHOEVEELHEDE

DOSIS	UINTJIES	BREEBLAARONKRUIDE	GRASSE
400 –470 ml/ha	<i>Cyperus esculentis</i> <i>Cyperus rotundus</i>	<i>Acanthospermum hispidum</i> <i>Ageratum conyzoides</i> <i>Amaranthus spp.</i> <i>Chenopodium album</i> <i>Commelina benghalensis</i> <i>Galinsoga parviflora</i> <i>Nicandra physaloides</i> <i>Physalis angulata</i> <i>Richardia scabra</i> <i>Tagetes minuta</i>	
400 ml + 1 l/ha Command® 4EC OF 400 ml + 0.8 l/ha Butisan® S OF 400 ml + 0.70 l -1.2 l/ha Frontier® Optima	<i>Cyperus esculentis</i> <i>Cyperus rotundus</i>	<i>Acanthospermum hispidum</i> <i>Ageratum conyzoides</i> <i>Amaranthus spp.</i> <i>Chenopodium album</i> <i>Commelina benghalensis</i> <i>Galinsoga parviflora</i> <i>Nicandra physaloides</i> <i>Physalis angulata</i> <i>Richardia scabra</i> <i>Tagetes minuta</i>	<i>Digitaria sanguinalis</i> <i>Echinochloa colona</i> <i>Eleusine coracana</i> <i>Eragrostis spp</i> <i>Panicum maximum</i>

Authority® en Command is die geregistreerde handelsmerke van FMC Corporation, VSA.
 Butisan® S (L5695) en Frontier® Optima (L7011) is die geregistreerde handelsmerke van BASF AG.
 Tronic (L3685) is die handelsmerk van Plaaskem
 Break-Thru (L6764) is die handelsmerk van Degussa
 Agral 90 (L2987) is die handelsmerk van Kynoch Agrochemicals
 Trooper (L6806) is die handelsnaam van Meridian Agritech
 Li700 is die handelsmerk van Loveland Industries